

26 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 10:5-17
Fokusgedeelte: Romeine 10:17

Die prediking van die Woord bring tot geloof

Jy staan op die spits van 'n hoë berg en verwonder jou aan die pragtige panorama wat voor jou lê! Dan vra jy: Hoe het ek hier uitgekome? As jy terugkyk, sien jy hoe die pad geloop het. Soms langs afgronde verby. Soms was dit gelykpad. Soms moes jy teen styl bulte uitsukkel.

So ook met geloof! Deur die geloof sien jy die pragtigste panorama van die verlossende genade van God in en deur Jesus Christus. Jy besef met verwondering dat jy ook deur Christus se bloed losgekopen is uit die diepste donker kloue van jou eie sonde en ellende. Dankbaarheid oorstrom jou hart.

Hoe het die geloof in jou hart gekome? Jy het nie 'n gesig gesien waardeur jy oortuig is om te glo nie. Jy is ook nie deur 'n droom oortuig nie. Eintlik het jy nie eers agtergekome dat iets met jou gebeur nie. Jy het maar net aangehou om elke dag jou Bybel te lees en te bid. Jy het voortgegaan om elke Sondag die eredienste by te woon en te luister na dit wat verkondig word. Ja, eintlik het jy niks gedoen nie, net geluister en weer geluister en aangehou luister!

Maar iets het gebeur! Sonder dat jy daarvan bewus was, het die Heilige Gees die Woord waarna jy geluister het, in jou hart geplant. Hy het dit laat groei. En nou kan jy met verwondering bely: Ek glo in Jesus Christus, *die Seun van die lewende God* (Matt. 16:16). Ek glo dat *God Hom uit die dode opgewek het* (10:9).

Só, deur die Woord van God wat jy hoor, het die Heilige Gees jou uit die harde bodem van jou sonde en ellende kom losskiet met die dinamiet van *die evangelie van Christus* (1:16). *Jou geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.*

Hou dan aan om die prediking van die Woord met jou hele hart te soek. Moet nie een geleentheid laat verbygaan nie, want só word die panorama van die verlossende genade van God in en deur Jesus Christus al hoe mooier!

Sing: Psalm 119:33, 39, 40 (1936)

Ds. AP Krüger (Welkom)